

ANTWOORDE

1. Die titel eindig met 'n ellips of beletselteken en die funksie daarvan is om aan te dui dat woorde weggelaat is.
 - 1.1 Hoe sou jy die titel voltooi? Skryf twee voorbeelde neer.
As niemand kyk nie ... lek ek my bord uit.
As niemand kyk nie ... trek ek my sussie se hare.
As niemand kyk nie ... speel ek skelm op my tablet. ✓✓
 - 1.2 Voltooi die sin asof jy juffrou Louw is.
As niemand kyk nie ... trek ek skewebek. ✓
 - 1.3 Voltooi die sin asof jy Boetie is.
As niemand kyk nie ... vat my sussie my goed! ✓
2. 'n Gedig is net soos 'n storie maar vertel in baie minder woorde.
 - 2.1 Hoeveel karakters is daar in hierdie gedigestorie?
5 ✓
 - 2.2 Watter karakter, dink jy, is dalk 'n bietjie van 'n perfeksionis?
Moontlik meneer De Beer, omdat hy sy peer so netjies skil. ✓
 - 2.3 As al drie hierdie karakters onderwysers was, watter een, dink jy, se klasse sou die soetste gewees het? Motiveer jou antwoord.
Moontlik tannie Meraai omdat sy baie kwaai kan wees. ✓✓
 - 2.4 Met watter karakter kan jy identifiseer? (Met ander woorde, watter karakter se handeling sal jy ook gewoonlik doen?)
Leerder se eie antwoord. Moet ooreenkoms tussen hom en karakter kan raaksien. ✓
3. Bestudeer strofe 1-3 deeglik.
 - 3.1 Wat het die eerste twee reëls van elke strofe in gemeen?
Al drie begin met karaktereienskappe van die karakter.
Dit is elke keer iets waaraan die karakter herken word. ✓
 - 3.2 As jy na die laaste twee reëls van elke strofe kyk, waar dink jy sal die karakters hierdie aksies uitvoer: in die publiek of in die privaatheid van hulle huise?
Privaatheid van hul huise – daar waar niemand hulle kan sien nie. ✓
 - 3.3 Watter karakter lyk hy/sy 'n sin vir humor het? Motiveer jou antwoord.
Tannie Meraai ✓
Om skewebek te trek kan moontlik daarop dui dat sy snaaks is en ten spyte van die feit dat sy kwaai is, ook die humor in 'n situasie kan raaksien. ✓
4. Mejuffrou Louw hou daarvan om te pronk.
 - 4.1 Wat dink jy beteken dit as iemand daarvan hou om te pronk?

Hulle hou daarvan om te spog. ✓

4.2 Hoe dink jy sal mejuffrou Louw pronk?

Sy sal baie mooi klere en skoene aantrek, moontlik baie mooi grimeer en beslis van die nuutste modes hou. ✓

5. Wie is die verteller in die gedig? Motiveer jou antwoord.

Die spreker in die laaste strofe, want sy praat vanuit eerstepersoonsverteller se perspektief; sy is 'n ek-verteller. ✓

6. Bestudeer die slotstrofe.

6.1 Dink jy die spreker is ouer of jonger as haar boetie? Verduidelik hoekom jy so sê.

Ouer. Sy vat haar boetie se goed wat klink soos afknouery, iets wat 'n ouer kind tipies sal doen. ✓ ✓

ÓF

Jonger. As jy nog klouter en klim klink dit of jy nog op klimrame speel en op alles in die huis klim. ✓ ✓

6.2 Wie, dink jy, wil die spreker in die laaste strofe hê moet sien dat sy regtig ook soet kan wees?

Haar ouers. Dit klink sy nogal raas kan kry, want sy sê nie net dat sy soet sal wees nie, maar stroopstoet...en ook regtigwaar. ✓

6.3 Waaroor het die spreker heel moontlik raas gekry?

Sy het haar boetie se goed gevat / of geraas / of erg tekere gegaan. ✓

POLFYNTJIES VIR DIE TONG

Gebruik die verklarings aan die regterkant en soek vir elke idioom sy verklaring.

Idioom	Verklaring
1. Met gebakte pere sit.	h) om met onaangename gevolge te sit ✓
2. Hy hang aan almal se lippe.	f) om aandagtig na almal te luister ✓
3. Met geleende vere pronk.	g) om met iemand anders prestasie spog en maak of dit joune is ✓
4. Hy is soos 'n vis op droeë grond.	j) om heeltemal magteloos te wees ✓
5. Hy eet soos 'n wolf	b) om baie gulsig te wees ✓
6. Dit is op almal se lippe.	i) almal praat daaroor ✓
7. Sy is soos 'n vis in die water.	a) om heeltemal tuis en gemaklik te wees ✓
8. Sy eet langtand aan die kos.	e) om nie baie lus te wees om te eet nie ✓
9. Daardie man het letters geëet.	c) om baie geleerd te wees; baie te gestudeer het ✓
10. Hy drink soos 'n vis.	d) om baie sterk drank te drink ✓